SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 18 MAART 2018

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 plaaslike tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur ZS6JPL. 'n Potgooi is ook beskikbaar op die Liga se web tuiste.

'n Oudio opname sowel as 'n teks weergawe kan van die Liga se webblad, www.sarl.org.za, afgelaai word, en jy kan ook daar inteken om nuwe bulletins per e-pos te ontvang.

Ons begin die bulletin met nuus van 'n Stil Sleutel

Dit is met leedwese dat ons aankondig dat die sleutel van Ron Caldecott, ZS6BHH, op Woensdag 14 Maart 2018 in die ouderdom van 93 jaar en 6 maande stil geword het. Ron was 'n ere lewenslange lid van die SARL asook die Wesrand ARK.

Ons betuig ons opregte meegevoel aan sy dogter Jenny, ander familie en vriende.

POUSE

In die nuus vandag,

DIE SPESIALE ALGEMENE VERGADERING GEKANSELLEER, MAAR DIE AJV GAAN AAN

DIE ZS6OTL-KLUB VAN MIDDELBURG OM 'N VELDSTASIE BY DIE NASIONALE KONVENSIE TE BEDIEN

en

80 JONG RADIO AMATEURS VAN 34 LANDE OM DIE SOMER-YOTA IN SUID-AFRIKA BY TE WOON

Bly gerus vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuusitems.

DIE SPESIALE ALGEMENE VERGADERING GEKANSELLEER, MAAR DIE AJV GAAN AAN

Die Raad stel hiermee Lede in kennis dat die Spesiale Algemene Vergadering gekanselleer is. Die versoek vir die SAV is ontvang, soos per reël 12.1.4, met 22 ondertekenaars. Die SARL Sekretaris het bepaal dat een van die ondertekenaars nie 'n lid van die Liga is nie. Die versoek is reggestel en weer ingedien.

Op 6 Maart en 13 Maart 2018 het die Sekretaris e-posse ontvang van twee van die ondertekenaars wat verklaar dat hulle hul steun vir hierdie versoek onttrek. Op die oomblik is daar 19 ondertekenaars wat minder is as wat deur die Reël vereis word. Die Raad het tydens sy Skype-vergadering op 13 Maart 2018 die aangeleentheid bespreek en regsadvies gekry voordat sy besluit geneem

het dat die versoek nie meer aan reël 12.1.4 voldoen nie en dat die SGM daarom gekanselleer word.

Die 2018 SARL-AJV sal nou om 09:00 op Saterdag 14 April 2018 begin.

DIE ZS6OTL-KLUB VAN MIDDELBURG OM 'N VELDSTASIE BY DIE NASIONALE KONVENSIE TE BEDIEN

Op Saterdag 14 April, tydens die SARL Nasionale Konvensie, beplan die ZS6OTL-klub van Middelburg om 'n veldstasie by die ingang van die Lapa by die Farm Inn op te rig. Die rede vir die veldstasie is om Amateur Radio aan die publiek bekend te stel. Charl, ZS6LAM, sal 'n 20 meter-mast opstel van waar die stasie sal werk. Gedurende die dag sal ZSOTL ook kaartjies verkoop vir 'n trekking vir 'n Icom IC-2300 wat gewen kan word. Die trekking vind plaas tydens ZS6OTL se Algemene Jaarvergadering wat gedurende April / Mei plaasvind. Die wenner sal dienooreenkomstig gekontak word.

ANTENNA KWESSIES MET VINCENT HARRISON BY DIE VOLGENDE SDR WERKSWINKEL UITGESTEL

Verskeie faktore het die uitstel van die SDR-werkswinkel genoodsaak wat handel oor antennas om te gebruik vir die geraasmoniteringsprojek. Die nuwe datum is 5 Mei 2018 na die SARL Nasionale Konvensie en die vele openbare vakansiedae. By die SARL Nasionale Konvensie op 14 April sal jy meer kan leer oor die SARL RF geraasmoniteringsprojek, SDR en ander tegnologieë wat by die gesamentlike AMSATSA en SARL Stalletjie vertoon en gedemonstreer sal word.

DIE 2018 AMSAT SA RUIMTE SIMPOSIUM

Vroeë voël besprekings vir die AMSATSA-Ruimtesimposium wat op 19 Mei by die innovasie-Hub in Pretoria gehou word, is nou oop. Besoek www.amsatsa.org.za en kry voordeel uit die vroeë voël bespreking.

80 JONG RADIO AMATEURS VAN 34 LANDE OM DIE SOMER-YOTA IN SUID-AFRIKA BY TE WOON

Die SARL sal gasheer wees vir 80 jong radio amateurs tussen 16 en 25 jaar oud wat 34 lande verteenwoordig, by die 2018 YOTA Somer geleentheid wat van 8 tot 15 Augustus in Gauteng gehou sal word. Dit is 'n eerste vir Afrika en 'n eerste vir Suid-Afrika om hierdie groot jeug-amateur radio-geleentheid aan te bied. Deelnemers by die kamp sal baie Europese, Nabye Ooste en Afrika-lande insluit.

YOTA is die akroniem vir "Youngsters on the Air" en het ten doel om jong gelisensieerde radio amateurs bymekaar te kry om nuwe radio kommunikasie vaardighede te leer, idees oor amateur radio en sy toekoms te bespreek en te deel. "Hierdie geleentheid bied 'n unieke geleentheid om jongmense bekend te stel aan tegniese loopbane in wetenskap en tegnologie en 'n beleggings vooruitsig vir die industrie om die toekoms van tegnologie-opleiding te vorm," het SARL president Nico van Rensburg gesê.

Die deelnemers sal blootgestel word aan die bou van 'n send/ontvanger, 'n BACARSat skep om met 'n hoë hoogte ballon te vlieg, oor mekaar se kulture te leer en om te fokus op hoe om amateur radio in hul eie land te neem.

Jou finansiële ondersteuning is nodig om dit die grootste ooit YOTA-geleentheid te maak. Jy word uitgenooi om te belê in die jeug en die toekoms van amateur radio. Maak vandag jou bydrae. Betaal jou bydrae in die SARL-rekening of maak gebruik van PayPal. Vir meer besonderhede en 'n prospektus, besoek, besoek www.zs9yota.co.za. IARU Streek 1 is 'n belangrike finansiële bydraer tot die YOTA-geleentheid.

Jy luister aan nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

LAAI 'N KOPIE VAN DIE MAART RADIO ZS AF

Die Raad het besluit dat die Maart 2018 uitgawe van Radio ZS beskikbaar is beskikbaar vir alle radio amateurs om af te laai. Klik op die skakel op die voorblad van die Liga se webwerf en geniet die tydskrif.

ZS5ZLB OM WÊRELD WYE FLORA EN FAUNA ZSFF-0102 TE AKTIVEER

Die Zululand Amateurradioklub, ZS5ZLB, aktiveer ZSFF-0102 - Dlinza Bos Natuurreservaat - in Eshowe, Zululand op 25 Maart 2018 vanaf 10:00 tot 13:00 UTC. Hulle sal die voorkeur frekwensie van 7.145 (of daar naby) gebruik, soos voortplanting dit toelaat. Alle QSO's sal deur 'n QSL-kaart bevestig word.

AMATEUR RADIO RED 'N LEWE

Terwyl hy in gesprek was met vriende in New York en Duitsland, het Lothar Froehlich, HK3JCL (ook DK8LRF) 'n roep vir hulp gehoor en die stem van 'n vriend in Duitsland herken. Dié rolstoel-afhanklike vriend was in sy huis geïmmobiliseer en het sy aangeskakelde en VOX-operasionele send/ontvanger gebruik om hulp te vra, wat via Lothar in Colombia aangekom het en 'n ander Duitse amateur in Hamburg wie die plaaslike polisie in kennis gestel het. Lees meer by http://ov-erding.de/

DIE RADIO SPEKTRUM BO BHF IS WAAR DIE TOEKOMS LÊ VIR RADIO KOMMUNIKASIE

Radiokommunikasie het begin met lang en medium golflengtes, eers op maritieme mobiele-vonk transmissies en jare later gevolg deur AM uitsaaiers. Nadat radio-amateurs die Kort Golf DX-kommunikasie ontdek het, het die kommersiële wêreld ook na Kort Golwe gehaas om hul wêreld wye uitsendings te maak. Mettertyd het kommersiële stasies besef dat hulle meer bandwydte benodig om hul TV-stasies en ook FM-uitsendings stasies te bedryf, wat dan op BHF beskikbaar was.

Met die koms van kommersiële satelliet bedrywighede, het DSTV moontlik geword op die Ku Mikrogolf-bande. Maar vir 'n klein groepie was die meeste radio amateurs huiwerig om hierdie hoër frekwensies te ondersoek, behalwe vir die herhaler operasie op BHF. Gelukkig was daar 'n aantal buitelandse amateurs

wat gewaag het om op die mikrogolf bande selfs so hoog soos die Terahertz-spektrum te eksperimenteer. Wat nou duidelik geword het, is dat DX byna daagliks op AMA gewerk kan word wanneer die Maan sigbaar is, met behulp van klein draagbare skottels, lae krag en digitale op mikrogolf frekwensies, wat 'n seën vir meenthuis AMA-operasie kan wees.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak baie laag gaan bly. Daar is tans geen sonvlekke sigbaar nie en daar is ook geen kans vir sonfakkels nie. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van een vir die week gebruik. Amateurs kan goeie openinge op die 15 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

19 Maart - die sluitingsdatum vir BHF/UHF Analoog kompetisie logstate 20 Maart - Herfs Dag en Nagewening en die Internasionale Dag van Geluk 21 Maart Menseregte Dag 24 en 25 Maart die CQ WPX ESB Kompetisie 26 Maart sluitings datum vir artikels vir die April Radio ZS 28 Maart Provinsiale Skole Sluit 30 Maart Gooie Vrydag/Pesach 02 April Familie Dag 5 April die SARL 80 m QSO Geselligheid 7 April die RaDAR Uitdaging 7 en 8 April die SARL BHF/UHF Digitale Kompetisie 13 tot 15 April die SARL Nasionale Konvensie in Pretoria

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die Raad stel hiermee Lede in kennis dat die Spesiale Algemene Vergadering gekanselleer is. Die versoek vir die SAV is ontvang, soos per reël 12.1.4, met 22 ondertekenaars. Die SARL Sekretaris het bepaal dat een van die ondertekenaars nie 'n lid van die Liga is nie. Die versoek is reggestel en weer ingedien.

Die 2018 SARL-AJV sal nou om 09:00 op Saterdag 14 April 2018 begin.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 plaaslike tyd na "Amateur Radio Today". Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband, 7 205 en 17 660 kHz AM en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Potgooi deur Dick, ZS6RO, is ook beskikbaar. 'n Heruitsending vind op Maandae om 18:30 plaaslike tyd op 4 895 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou seinrapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos

aan artoday@sarl.org.za. Sentech borg die uitsendings op die nie-amateur frekwensies.

Jy het geluister na 'n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Andy Cairns, ZS6ADY, geredigeer deur Vivian Dold, ZS6VD, en gelees deur ……..

Die Afrikaanse Nuusspan groet nou en wens u 'n mooi week toe. Totsiens.

/EX